

25 April

Skrifgedeelte: Handeling 2:14-36

Fokusgedeelte: Handeling 2:36

Kroon Hom of kruisig Hom

'n Skare mense het om nege uur daardie Sondagmôre nuuskierig saamgedrom toe hulle die geluid van die stormwind hoor. Uit die mond van die apostel Petrus hoor hulle die eerste preek van die kerk van die Nuwe Testament. Hierdie gebeure is die vervulling van 'n profesie van die profeet Joël. Petrus maak drie dinge bekend. Die feit dat God hierdie Jesus van Nasaret deur kragtige dade en wondertekens aan die volk bekendgestel het as die Messias wat Hy belowe het. Die tweede is dat God Hom uitgelewer het en hulle (*die toehoorders*) Hom deur heidene laat doodmaak het. Die derde punt maak dit duidelik dat God Hom uit die dood opgewek en Hom tot die hoogste eer verhef het. Hy is nou die Koning van die heelal.

Jesus Christus is deur God na hierdie wêreld gestuur en deur wondertekens aangewys as die Messias. Die feit van sy kruisdood dui daarop dat Hy deur die mense verwerp is. Die feit van sy opstanding roep dat Hy erken moet word as Koning van die heelal. Alle mense op aarde word deur hierdie gebeure in net twee groepe verdeel. Diegene wat Hom gekruisig het en diegene wat Hom kroon as hulle Koning.

Dit is die boodskap wat die kerk van Jesus Christus deur die hele wêreld moet verkondig. Elke mens moet homself oor hierdie feite van die evangelie verantwoord. Hoe staan jy teenoor Jesus Christus? As jy Hom verwerp is jy skuldig aan sy kruisdood. As jy Hom erken as Messias, dan onderwerp jy jou aan sy koningskap.

Sing: Psalm 2:1,6

Ds IW Ferreira (Magol)